

## **Afkondiging in die Gemeentebulletin van 27 November 2016**

Stellenberg Gemeente het 'n inklusiewe geskiedenis en gemeentebelydenis ten opsigte van alle lidmate, ongeag hulle seksuele oriëntasie, kultuur en geslag. In 2002 en weer in 2005 en 2006 het die kerkraad reeds 'n inklusiewe standpunt geformuleer ten opsigte van selfdegeslagverhoudinge. Dit is in 2015 meer volledig gedoen en kom kortliks op die volgende neer: ons erken die gelykwaardigheid van alle mense; gay lidmate het ten volle toegang tot al die ampte en die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap; burgerlike selfdegeslag verbintenisse word erken en predikante kan sodanige verbintenisse amptelik bevestig sou dit deur die NG Kerk moontlik gemaak word.

Die 2015 sinodebesluit oor selfdegeslagverhoudinge is onlangs om kerkordelik tegniese redes nietig verklaar en 'n nuwe besluit is deur die Algemene Sinode geneem. Dit word in die media en deur die publiek oorwegend as 'n ommekeer van die 2015 besluit geïnterpreteer. Daar is tans uiteenlopende emosionele reaksies, ook verwarring oor die proses en besluite. Daarom bevestig ons dat Stellenberg se volledig inklusiewe beleid van 2015 steeds geld, ook omdat die nuwe 2016 sinodebesluit die nodige ruimte daarvoor gee.

Stellenberg se standpunte is gebaseer op ons gemeentebelydenis waarin geloof in Jesus en die Bybel sentraal staan en waar ons droom "om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense uit te reik". Omdat daar verskillende sienings en standpunte is oor selfdegeslagverhoudinge, versoek ons saam met die moderatuur van die Wes-Kaapland Sinode "dat ons (nou) eerder die fokus behoort te verskuif na die hantering van die diversiteit van standpunte as om mekaar te oortuig of tot 'n enkelvoudige posisie te probeer dwing". Ons verbind ons steeds tot hierdie konstruktiewe gesprek.

– Die predikantespan